

Sendelingpaar groet gemeentes in Lesotho - einde van 'n era.

Ds Pierre Guillaume en sy vrou Thea, wat vir 20 jaar lank sendelinge in Lesotho was, het onlangs afgetree (voorheen was ds Pierre ook verantwoordelik vir die bediening onder mynwerkers in die Sasolburg-area). Die gemeentes in Lesotho het met ruimhartige warmte, so kenmerkend van die mense van Lesotho, van hul geliefde leraarspaar afskeid geneem.



Dit is duidelik dat die lidmate van die gemeentes in die suidelike deel van Lesotho groot agting en waardering gehad het vir hierdie toegewyde leraarspaar, hulle eie *Moruti Tshepo* (Tsepo beteken betroubaar, hoop) en Mamoruti of "Juffrou" Matshepo. Ds Pierre was inderdaad 'n baie betroubare leraar, wat hoop gebring het. Oor die jare het hy sy werk nougeset gedoen; al die wyke in die suidelike deel van Lesotho - die distrikte van Mafeteng, Mochale's Hoek, Quthing en tot by Mphaki diep die berge in - het hy getrou besoek; die lidmate het hy onderrig en toegerus vir hul bediening en oor die jare het hy daarvoor 'n hele rykdom aan Sesotho publikasies geskep en versprei. Hy kon by die geringstes stilstaan en geduldig na hulle verhale luister; soos Paulus 'n Griek vir die Grieke geword het, so het hy vir die Basotho 'n egte Mosotho geword en tuisgekom in hulle taal en kultuur. En Thea was meestal aan sy sy, dienend, opreg belangstellend en met soveel deernis 'n moeder vir die moeders! Hoe meet 'n mens die bydrae van twee sulke dienaars in die koninkryk? Hoe beskryf jy hulle opofferings - hulle wat altyd oor die grense heen moes leef, aan die rant van hulle eie taal- en kultuurgemeenskap, meestal teen al die vooroordele in? Hoe bereken jy die offers wat hulle kinders moes bring? Hulle het dit vir hulle Meester gedoen, in alle opregtheid.



Die afskeid is by die wykskerkie Metsi-Matsoana gehou, spesiaal omdat daar die laaste tyd 'n "herlewing" was - van ses vroue, het die klein gemeente tot oor die vyftig gegroei! Ds Pierre het gehelp dat hulle kerkgeboutjie vergroot word; gereeld het hy hulle besoek en met die Woord kom bedien en bemoedig; meestal moes hy so 10 km daarheen stap. Deur die Ohoquane rivier, wat dikwels in vloed was, moes hy dan halflyf waad, met die gaan en die terugkom, somer en winter. Ons wat die afskeidsgeleentheid bygewoon het, kon dié Sondag net net met 'n weggespoelde pad tot so 'n kilometer vanaf die kerkie af ry en moes toe verder stap (na goeie reëns in Lesotho leer ken mens op dié paaie die betekenis van die woorde "louter genade"!).



Langs die kerkie was twee tente opgeslaan en met kleurvolle ballonne versier. In groot swart driepootpote het die vleis van vroeg af geprut. Daar was 'n hele opgewondenheid! Jong meisies in kleurvolle gewade het kom sing; die meeste mense was egter in die tradisionele swart kerkdrag geklee. Ds Pierre het met sy kenmerkende erns gespreek, uit Handeling 20, waar Paulus en die ouderlinge in trane van mekaar afskeid neem en Paulus die gemeente vir oulaas onderrig, hulle tot mekaar se herders verklaar en hulle aan Jesus se woorde herinner: "om te gee maak mens gelukkiger as om te ontvang". Inderdaad! Mens kon dit daar in die bergwêreld van Lesotho, met die helder blou lug en die meesleurende sang wat in die kloue eggo, tasbaar ervaar, jy kon dit vier as liefdesverhouding tussen leraar en gemeente.



By die geleentheid het die ring van Lesotho vir ds Pierre amptelik emeritaat gegee, 'n eervolle aftrede: "mooi so, goeie en getroue dienskneg". En ds Pierre kon dankie sê, ook vir die NG Gemeentes van die Vrystaatse kerk wat deur hulle sinodale bydraes oor die jare heen dit vir hom moontlik gemaak het om hierdie wonderlike werk te doen.

Nou moet die werk in Lesotho op 'n nuwe manier voortgesit en uitgebou word. Daar is nou nie meer sendelinge uit die NG Kerk nie; dié era is verby. Maar ons kan nie anders as om voort te gaan om hierdie klein en bitter arm gemeentes in ons buurland se hande te help sterk maak vir hulle eie (en ons gesamentlike) koninkryksroeping nie. Daarmee moet NG Kerk gemeentes ons bly help.

Gideon van der Watt
9 April 2018